



Dit is opvallend dat die apostel Johannes, vroeg in die Openbaring aan hom, sewe briewe aan die sewe gemeentes in Turkye skrywe, wat telkens met dié woorde begin: “Skrywe aan die leraar van die gemeente in ...” (Open 2-3).

Dat die briewe telkens ook aan die hele gemeente gerig is, neem nie weg dat dit in die eerste plek aan die leraar of boodskapper (enkelvoud) van die gemeente gerig is nie. In die Goddelike ekonomie was die leierskap van die gemeente ’n belangrike sleutel tot die gesondheid en geestelike volwassenheid van die gemeente.

As die Here Jesus Christus dit dus goedgevind het om leraars spesifiek met ’n boodskap vir hulle konteks te bedien, kan die kerk min beter dinge doen as om Hom daarin na te volg. *Kruisgewys*

fokus daarom in hierdie uitgawe op die Verdere Bedieningsontwikkeling van leraars in die onderskeie kerklike kontekste van ons lesers. Meer inligting is ook op die onderskeie webtuistes beskikbaar.

VBO (Voorgesette – of Verdere – Bedieningsonderrig) word ál hoe noodsaakliker, veral omdat dit redelik algemeen aanvaar word dat leraars ’n baie belangrike rol in die ontwikkeling van gemeentes speel – selfs ’n bepalende rol, soos onlangse navorsing in Wes-en-Suid-Kaapland

‘Skrywe aan die leraar van die gemeente ...’

Geskryf deur Chris van Wyk
Woensdag, 05 Maart 2014 16:31

onder andere uitwys.

Dit is vandag egter nóg belangriker. Leraars word toenemend aan oorgangs-uitdagings blootgestel. Hierdie uitdagings kom nie net van die veranderende interne kontekste in gemeentes nie, maar óók van die veranderende eksterne kontekste van die gemeenskappe waarin die evangelie van Jesus Christus beleef en uitgeleef word.

Daarom moet die kerk toenemend op die ontwikkeling van leraars fokus. Ons volg ook die Here Jesus hierin na!

Hierdie uitgawe is ’n handige hulpmiddel vir leraars om hulle eie verdere bedieningsontwikkeling te beplan. Die inligting uit diverse kontekste en van verskeie van ons vennote, verseker dat daar ’n verskeidenheid van aanbiedings is waaruit jy kan kies – selfs al is dit in ’n ander gebied as jou eie kerklike konteks of sinode.

Frederick Marais gee in *Tien gevolgtrekkings oor die stand van gemeentes* ’n oorhoofse blik op die stand van gemeentes van die NG Kerk in die Wes-en-Suid-Kaapland. Dit help *Communitas*

om ’n meer pro-aktiewe ondersteunings- en begeleidingstrategie te ontwikkel. Marais wys uit oor die impak wat predikante op die sisteem het. Sy waarneming is dat predikante die m

ee s bepalende veranderlike in die kerklike sisteem is. Sy verdere waarneming is dat jonger leraars beter gedoen het in gemeentes in oorgangsfases, omdat hulle hoër vlakke van aanpasbaarheid en transformasieleierskap vertoon. Dit het beteken dat

Communitas

se VBO-fokus tov predikantebegeleiding na transformasieleierskap geskuif het.

Wilma le Roux skryf in *Communitas gons met VBO-kursusse en konferensies* oor die omvattende aanbod van 17 kursusse en konferensies wat in die eerste helfte van die jaar aangebied word. Dit hou ook verband met die nuwe fokus wat daar by

Communitas

rondom transformasieleierskap ontwikkel.

Gerhard Botha skryf in *VBO, nuut en geïntegreerd* oor die Sertifikaat in Bedieningsvernuwing, ontwikkel deur die VBO-taakspan in samewerking met *Communitas, Excelsus*

en
Shepherd

. Dit behels nege modules oor drie jaar. Dit sluit nadenke in oor konteks, gemeentes, God, identiteit, bediening en geestelike leierskap, bediening en geestelike formasie, missionêre gemeentes, erediens, prediking en die gemeenskap.

Gerhard Botha skryf in *Anders, maar een* oor die nasionale kleingemeente-konferensie wat op 24 – 26 Maart te Gariiep gehou word om die potensiaal in die diversiteit in die kerklike landskap te ontdek. Sprekers is Jurgens Hendriks, Cas Wepener, Gideon van der Watt en Christina Landman.

Gerhard Botha skryf in *Om boek te hou van die goeie* oor die sisteem van VBO-punte in die NG Kerk en spel volledig uit wat, wanneer en w

áá
r gedoen moet word.

Gerhard Olivier skryf in *CGTS beklemtoon plaaslike gemeentes se rol in opleiding* oor die Christelike Gereformeerde Kerk se gemeente-gebaseerde afstandsonderrigmodel, met die fokus op toerusting binne die student se bestaande konteks. Dit sluit kortkursusse, ’n diploma in Pastorale Teologie en ’n Baccalaureusgraad in Pastorale Bediening of Missiologie in.

Johan van Loggerenberg en Howard du Toit skryf in *NIMSA in diens van Gods koninkryk* oor die

Network for Interim Ministry in Southern Africa

waarby reeds sewe denominasies, ten spyte van hulle diversiteit, in bediening betrokke is. NIMSA wil ’n ekumeniese netwerk van brugbedienings spesialiste wees wat gemeentes begelei om ten tyde van predikantsvakatures afskeid te neem van die vorige bedieningstydperk, te herontdek wat gesonde gemeentewees beteken, en vir die nuwe bedeling voor te berei.

Andre Bartlett vertel in *Excelsus het ’n vol leeraanbod* van al die interessante kursusse en toerustingsprogramme wat dié sentrum vanjaar aanbied.